

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
26 June 1977

Onderwerp: Triomftog van die Evangelie

Lees: Openbaring 6 verse 1 tot 8

Teks: Openbaring 6 vers 2

Sing: Psalm 68 verse 15 en 16
Gesang 152 vers 4

“In ’n tyd van nasionale en internasionale spanning is dit vir die Kerk van Jesus Christus noodsaakliker as ooit om herinner te word aan die stryd waarby dit ten nouste betrokke is. Dit is die stryd tussen God en Satan, tussen Jesus Christus en die Antichris, tussen die Heilige Gees en die valse profete, tussen die koninkryk van die Hemel en die ryk van die duisternis. Dié stryd ontstaan daar waar die Evangelie van Jesus Christus in sy gang deur hierdie wêreld vyandskap teëkom.

“Hierdie stryd is die geestelike agtergrond van al die wêreldgebeure. Netso is die oorwinning van die Evangelie die enigste oplossing vir alle nasionale en internasionale probleme.

“Ons teks vestig ons aandag op die stryd en oorwinning van die Evangelie van Jesus Christus. Die beeld van die perderuiters sluit aan by die eerste en agtste naggestigte van Sagaria. In die eerste gesig het Sagaria ruiters op bruin, vos en wit perde gesien. (Sag 1:8) Na ’n reis om die aarde het hulle gerapporteer dat die hele aarde in ’n ongunstige sin, rustig was. Die woelinge van die volke wat die heilstyd van die bondsvolke vooraf gaan, het nog nie begin nie.

“In die agtste naggestig het die profeet vier strydwaens met bruin, swart, wit en bont ingespande perde gesien. Hierdie strydwaens trek na die vier windstreke en verteenwoordig die koninklike en oorwinnende mag van God oor die ganse aarde. Hierdie naggestig gaan dus verder as die eerste en spreek van die triomf van die Godsryk in die weg van verlossing en oordeel.

“In Openbaring hoofstuk 5 is geskryf dat die verseëelde boek van die raadsbesluite van God deur niemand geopen kon word nie, behalwe deur die Leeu van die stam van Juda, die wortel van Dawid. Dit is Jesus Christus wat oorwin het om die Boek oop te maak

en sy sewe seëls te breek. In hoofstuk 6 word die eerste ses seëls oopgemaak. Later volg die sewende, wat hom onderskei in sewe basuine, wat weer uitloop op die sewe skale van die toorn van God.

“Die visie wat Johannes ontvang het, was toe die eerte seël geopen is. Dit was die beeld van die Ruiter op die wit perd, wat die triomfgang van die Evangelie van Jesus Christus deur hierdie wêreld openbaar. Dit getuig van ’n stryd en ’n oorwinning.

“Die strydelement is hier onmiskenbaar. Allereers is hier sprake van ’n perd, wat in die boek van Openbaring nie ’n trek- of ’n rydier is nie, maar ’n instrument van oorlog. Ook die boog in die hand van die Ruiter is ’n bewys dat die perd en Ruiter op die oorlogspad is.

“Oppervlakkig gesien, vind ’n mens dit vreemd dat die Ruiter van die Evangelie van Jesus Christus in die teken van oorlog verskyn. Is die blye boodskap van die Evangelie dan nie ’n boodskap van vrede, versoening en verlossing nie? Het die Heiland dan nie gesê dat Hy gekom het, nie om mense te verderf nie, maar om hulle te red?

“Dit is inderdaad so. En tog is dit een van die grondtemas van die Openbaringsgeskiedenis dat daar vyandskap is. (Gen 3:15) Jesus Christus het ook gesê dat Hy tot ’n oordeel en krisis in hierdie wêreld gekom het.

“Die boek Openbaring beskryf op byna elke bladsy die vyandskap teen die Evangelie en die magte wat dit beliggaam: Satan, die Antichris, valse profete en Babilon die groot ontugtige wat veral die sondige, georganiseerde wêreldlewe voorstel. Dit beskryf ook die vyandskap in die lewe van mense, waardeur hulle weier om hulle te bekeer, ondanks die basuine en die skale van die oordele van God.

“Die groot probleem van die kerk is nie dat gelowiges geen oog vir die liefde en genade van God in Jesus Christus het nie. Die probleem is dat hulle die vyandskap in hierdie wêreld onderskat, met die gevolg dat daar so maklik onheilige vriendskapsbetrekkinge met die vyande van die Evangelie aangeknoop word. Hier is ’n betekenisvolle waarskuwing vir gelowiges dat die blye boodskap van die Verlosser, Jesus Christus, hier nie in die gestalte van ’n vredesduif verskyn nie, maar as ’n Ruiter op ’n wit perd.

“Die noodsaak hiervan word vir ons duidelik wanneer ons dink aan die magte van lis en geweld wat in die loop van die geskiedenis teen die Evangelie gemonster is. Lees maar die boek Handeling en luister

na die getuienis van Paulus. Dink aan die geskiedenis van die martelare. Hoeveel invloede van geld, geleerdheid, eer en mag is nie al teen die Evangelie in die stryd gewerp nie? Die magtigste vorste, die begaafste kunstenaars en groot geleerdes het al by geleentheid gepoog om die trefkrag van die Evangelie skadeloos te stel. Daarom gaan die gang van die Evangelie deur hierdie wêreld nie sonder stryd gepaard nie. Die mens moet verower word om hom te red. En dit is geen kleinigheid nie. Die magte van die verderf gee nie gou en graag hulle buit prys nie.

“Dit is nodig om mekaar daaraan te herinner, dat die stryd nie net teen die vyande in die wêreld gevoer word nie, maar ook teen die vyandskap binne die kerk en in die hart van gelowiges. Selfs binne die kerk kan die Ruiters op die wit perd sy wapenrusting nie neerlê nie. Hy is onafgebroke besig om die vestings van wêreldgelykvormigheid, vlietende partyskappe, liefdeloosheid, biddeloosheid, traagheid en louheid af te breek om die beeld van Jesus Christus in die kerk gestalte te laat kry.

“Ook in u en my lewe is dit nie anders nie. Hoeveel weerstand word daar nie in ons teen die Evangelie opgebou nie? In hoevele vestings verskans ons ons nie teen die aansprake van die Evangelie op ons lewens nie?

“Ons teks herinner ons aan die vyandskap teen die Evangelie, wat die stryd van die Evangelie noodsaaklik maak. Is ons bekend met die liste en magte van Satan? Besef ons dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie? Ons moet ons wapenrusting aangord en die vyande van die Evangelie met al ons kragte teenstaan. Insig in hierdie waarheid moet ons daartoe bring om ons kragtiger as ooit aan die kant van die Evangelie te skaar.

“Die triomfgang van die Evangelie veronderstel stryd, maar dan ’n stryd wat op oorwinning uitloop. Dit kom ook in ons tekshoofstuk na vore. Die gedagte van oorwinning blyk ook uit die kroon van oorwinning wat aan die Ruiters gegee is. Die Woord van God ruim alle onsekerheid oor die oorwinning uit die weg as ons lees: ‘en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar en om te oorwin.’ (Openb 6:2)

“Dit is ’n kragtige uitdrukking. Dit is ’n triomftog van begin tot die end. Dit word nie deur terugslae of neerlae onderbreek nie. Die uitslag hang nooit in die weegskaal nie. Die oorwinning gaan onafgebroke voort totdat die volle triomf behaal is, tot die doel wat God

bepaal het, bereik is langs die weg wat Hy aangewys het en die mag wat Hy verleen het.

“Dit is noodsaaklik om aan hierdie waarheid herinner te word, want ons oog sien dikwels so min van hierdie oorwinning in die gebroke en verskeurde wêreld om ons. Dit lyk dikwels of die vyande van die Evangelie die oorhand gekry het.

“Dat die oorwinning van die Evangelie nie kragtiger tot openbaring kom nie, moet die kerk tot verootmoediging stem. Dit is nie te wyte aan die Evangelie, of selfs die mag van sy vyande nie. Nee, dit is die gevolg van die troueloosheid, kragteloosheid en geesloosheid van die kinders van God.

“Desnieteenstaande moet ons vashou aan die waarheid van ons teks: Die Evangelie triomfeer! Die Evangelie triomfeer ondanks die skuld van die kerk, ondanks die proses van ontkerstening en ondanks die magte van die duisternis.

“Ons teks vestig u en my twyfelende en kleingelowige aandag op die triomfgang van die Evangelie deur hierdie wêreld, nie alleen as geloofswerklikheid nie, maar ook as feit van ervaring. Het u al die boek Handeling in hierdie lig gelees? Weet u dat die kerkgeskiedenis ondanks alle verwêreldliking, dwaalleer en verdrukking, eintlik die geskiedenis van die triomf van die Evangelie is?

“Die Roomse kerk, Marx en Lenin, en ander kon die Evangelie nie in sy voortgang stuit nie. In weerwil daarmee het die Woord van God nou toegang tot agter die ystergordyn. Die wonder wat ons in ons tyd belewe, is dat die hoefslae van die wit perd kragtiger as ooit weerklink.

“Ons moet egter die aard van die triomfgang nie verkeerd verstaan nie. Dit is geen pynlose proses nie. Dit openbaar ’n tweevoudige aspek: Dit is ’n reuk van die lewe tot die lewe, of ’n reuk van die dood tot die dood. Die Evangelie verlos of verslaan. Dit is ’n tweesnydende swaard, ’n sleutel wat oopsluit of toesluit. Die triomf van die Evangelie beteken dus vir die mens lewe of dood. Daarom is hierdie waarheid vir ons so ernstig.

“Die Ruiter op die wit perd word gevolg deur honger, oorlog, pes en die dood. Die heilsaspek van die Evangelie sluit nie die verdrukking van die kinders van God uit nie. Johannes sien onder die altaar siele wat gedood is ter wille van die Evangelie. Maar wanneer Jesus op die wolke verskyn, sal al hierdie dinge

saamkom in die oorwinning in Hom. Ook die oordele van God staan in sy diens.

“U wat bekommerd is oor die nasionale en internasionale spanninge van ons tyd. Het u al genoeg gedink oor die stryd en oorwinning van die Evangelie van Jesus Christus? Nie as buitestaander nie, maar as een wat in hierdie stryd betrokke is? Het u al met oorgawe die kant van die Evangelie gekies? Het u die Evangelie al toegelaat om sy oorwinning in u lewe te behaal?

“Vrede en harmonie op nasionale en internasionale vlak kan alleen gewaarborg word waar die wit perd van die Evangelie as oorwinnaar uittrek om te oorwin.

“As ons vra na die geheim, die krag en die onoorwinlikheid van die Evangelie, dan is daar maar net een antwoord: Jesus Christus. Hy wat die sewe seëls kan oopmaak.

“Amen.”